

BOEKBESPREKINGS

Jackson, ds. C. J.: *Uitverkiesing . . . Troos of Vertwyfeling*, N.G. Kerk-boekhandel, Pretoria, s.j., 31 bls., prys 35 sent.

Die boekie wil „'n prinsipiële beskouing en praktiese uiteensetting oor 'n Bybelse waarheid” gee, „met die bede dat dit vir elke lesers tot troos en innerlike versterking sal dien”. So lui die onderskrif op die titelbladsy.

Dit is 'n prysenswaardige onderneming en die poging van die skrywer om te waarsku teen menslike spekulasie (p. 8) en logiese sisteme (p. 4) kan waardeer word. Die skrywer wil teenoor hierdie verkeerde weë net luister na die Skrif en neem sy uitgangspunt in Ef. 1 : 4 en 5. Hy beklemtoon dat die uitverkiesing alleen in Christus is, dat ons verkies word om heilig en sonder gebrek te wees (en nie omdat ons heilig is nie). Die troos van die verkiesing (p. 20—22) is dan ook m.i. die mees geslaagde deel van die werkie.

Die geskrif as geheel kan egter nie as geslaagd beskou word nie. Die troos van die verkiesing, nl. „dat ons redding onverbreeklik en onherroeplik vas staan omdat dit geheel en al berus op Gods trou en nie op enigiets van onself nie” (p. 20) word immers weer „ge-neutraliseer” deur uitsprake soos: „Want God kies en Hy kies op grond van 'n voorwaarde en langs 'n sekere weg, nl. deur die geloof in Jesus Christus” (p. 29, my kursivering). In dié lig word Rom. 9 : 22 en 23 dan verklaar as sou dit die volgende sê: „Die pottebakker het tog immers die mag oor die klei. Hy beslis oor wat van die klei word. En Hy het beslis dat die klei wat deur die geloof gevorm word, tot sy eer sal wees en die klei wat deur die ongeloof gevorm word, tot sy oneer sal wees, en daarom verlore gaan”(!) „Maar wie God se weg van verkiesing, nl. die geloof in Jesus aanvaar, word 'n uitverkorene” (p. 29—30; my kursivering).

Met hierdie oppervlakkige eksegeese van Rom. 9 (ook op pp. 12—14) word die prioriteit en soewereine vrymag van Gods handele — waaroor Paulus dit het — weggesyfer om plek te maak vir die beslissing van die mens. So verseker die skrywer ons dat Paulus in Rom. 9 : 6—29 ons wil leer „dat die beloftes van God alleen aan hulle toekom wat glo” (p. 14), terwyl in dié perikoop nêrens van geloof sprake is nie, soos Calvyn tereg al opgemerk het. Daarmee is ons terug in die semi-pelagiaanse *praescientia*-leer en word die beslissing weer in die hande van die mens gestel wat moet antwoord op God se „uitnodiging tot genade in Christus” (p. 7).

Die skrywer verwerp die gedagte dat daar „twee lyste” is waarop mense van voor die grondlegging opgeskrywe is (p. 14 — 'n oneerbiedige konstruksie) maar sê nie of daar één lys is nie (die „Boek van die lewe”?) en of daar geen lys is nie. Ook dat Hy „niemand voorbeskik het om nie sy kinders te wees nie” (p. 19). God het geen mense „verkies of bestem tot die verderf nie” (p. 11 — asof „verkiesing tot die verderf” ooit deur die kerk geleer is) en „daar is in God alleen 'n genadewil tot kindskap in Jesus Christus” (p. 19 — sonder dat die skrywer by 'n universele heil uitkom).

Met hierdie verwarring en vermenging van die prioriteit van Gods handele en die mens se verantwoordelikheid en dade, van die wil van die bevel en die wil van die welbehae, van Bybelse en remonstrantse gegewens, word daar meer probleme geskep as duidelikheid gebring en bied die boekie weinig wat verhelderend werk.

'n Mens waardeer dit dat die skrywer worstel met die „oneweredigheid” van verkiesing en verwerping maar vind dit jammer dat hy juis in sy worsteling met hierdie geheim ontspoor en in onge-reformeerde vaarwaters beland wat die toets van die Skrif nie kan deurstaan nie. L.F.S.

Die Gereformeerde Kerk Kaapstad 1923—1973, 52 bladsye.
Verkrygbaar by die kerk.

Hierdie feesuitgawe is saamgestel deur verskillende medewerkers, o.a. deur ds. P. W. Bingle, dr. A. J. Böeseken, J. A. Grobbelaar, D. Venter, herinneringe van oud-leraars, lidmate, ouderlinge en funksionarisse, predikantsvroue, ds. A. G. de Leeuw en ander. Verskillende fotos stel die leser bekend met die kerk van Kaapstad. Die publikasie is lesenswaardig, 'n pragtige bron vir geskiedenis van 'n pionierskerk in die Boland en in alle opsigte die kerk van die Here waardig. Wie belangstel in die geskiedenis en die pad waarop die Here die Gereformeerde Kerk tot openbaring gebring het, sal hierdie werk geniet. Die opstellers kan van harte daarmee geluk gewens word. B.S.

A. M. Lindeboom: *In het uur van bezinning*. Twee dele. Deel 1, *Geestelijk arm*. Deel 2, *In Jezus ingedoopt*. 200 en 250 blss. onderskeidelik, s.b. Buijten en Schipperheijn, Amsterdam, 1973, verteenwoordig deur Pro Rege-Pers, Potchefstroom. R3,35 per deel.

Lindeboom tree in hierdie werke op kalm, besadigde wyse in gesprek met die beweging „samen op weg” onder jong Gereformeerdes en figure soos proff. Augustijn, Kuitert, Smits, dr. Wiersinga, die rigting aan die V.U., mev. Sölle, Van Niftrik e.a. Hy probeer die beweging na kerklike eenheid met die Hervormdes en die baie vrae en vraagtekens van verontrusting oor die gang van sake in die Gereformeerde kerklike lewe van Nederland ontleed. Hy stel die bekende Gereformeerde waarheid versigtig en beslis en dring aan op leertug. Hoewel die werk uitsluitlik op Nederlandse toestande toegespits is, is dit baie insiggewend. Wanneer hy bv. die argumente opsom waarom daar 'n nuwe of verkorte belydenis in ons tyd nodig geword het, klink dit reeds baie bekend omdat die identiese argumente ook meermale in Suid-Afrika onder teoloë in omloop is (vgl. I, p. 35). Wie hom oor die vraagstukke rondom kerkvereniging interesseer, moet van hierdie probleemstudie kennis neem, omdat talle van die probleme seker altyd by kerkvereniging na vore tree. Hoewel die werk na my smaak op tipies Nederlandse wyse wydloepig word, lees die werk tog baie onderhoudend. Die versorging van die uitgawes is besonder netjies en smaakvol. B.S.

Red. I. H. Eybers, A. König, J. A. Stoop: *Inleiding in die teologie*, 1973, N.G. Kerk-boekhandel, Posbus 245, Pretoria, h.b., 180 blss., R5,25.

Hierdie werk is gebore uit die behoefte in Suid-Afrika onder teologiese en Bybelkunde studente om 'n inleiding tot en oorsig van die teologie onder oë te kry. Naas verskillende dosente van Unisa het prof. F. J. van Zyl van UP en dr. P. B. van der Walt van US ook bydraes gelewer.

In die eerste hoofstuk behandel dr. A. König „*Die Teologiese Wetenskap*”. Hierdie hoofstuk openbaar kennelik 'n leemte aan filosofiese en metodologiese besinning. 'n Mens het hier 'n uiteensetting ver wag van duidelike beginsels en kriteria waarmee die ensiklopedie van die teologie benader word om tot die verskillende bydraes oor die deeldisiplines te kom. 'n Mens het ver wag dat daarin iets gegee sou word van die rol wat vertrekpunte, metodes en bronne speel om die ensiklopedie te bepaal. Dit het nie gebeur nie en gevolglik gaan die hele werk mank dat hy in sy eintlike doel, naamlik 'n ensiklopediese oorsig nie slaag nie. Verskillende begrippe is ook vaag soos „metode van die teologie” (p. 15) asof alle teologiese dissiplines dieselfde metode gebruik. Elke Christen word as „teoloog” aangedui, omdat wetenskaplike teologie nie fundamenteel ontleed is nie (p. 16); dat die „kerk” (i.p.v. teoloë) teologie beoefen (p. 16); subjek en objek ruil sonder meer plekke (p. 17), wat ek nie kan begryp nie. Hierdie hoofstuk is deurgaans vaag en moeilik om te verstaan.

Prof. I. H. Eybers behandel op verdienstelike wyse „*Bybelkunde*” (p. 28—35) as 'n „vak”. Tog toon hy tereg aan dat die „vak” uit behoefte by onderwysers en belangstellendes ontstaan het en hy onderskei dit van Godsdiensonderrig, Bybelkennis of die teologiese studie van die Fakulteit (p. 29). Die student het nie die kennis van die ou tale nie en kwalifiseer daarom nie vir nagraadse werk nie (p. 30), 'n standpunt wat 'n mens se volle prinsipiële instemming het. Bybelkunde is immers hoogstens toegepaste teologie — geen selfstandige teologiese bedrywigheid nie (vgl. verw. 10 op p. 35).

Op baie geslaagde wyse lei Eybers in hfst. 3 die leser in in die *Ou-Testamentiese wetenskap*. In hfst. 4 behandel prof. F. J. Botha die *Nieu-Testamentiese wetenskap*. Hierdie hoofstuk is weer meer los en oortuig nie waarom daar meer as een deeldisipline in die N.T.-groep onderskei word nie. Hier was die opset moontlik te populêr.

Daarteenoor kom prof. J. A. Stoop in hfst. 5 en beskryf o.i. weer *Kerkgeskiedenis* te vakkundig vir die gewone Bybelkunde student. Ons is ook nie oortuig dat Dogmageskiedenis en Kerkgeskiedenis tot dieselfde groep behoort en dieselfde vertrekpunt het nie. Eweneens meen ons patristiek (p. 103) is maar een van baie besondere afdelings wat in kerkgeskiedenis bestudeer kan word. Die literatuurlys oortuig van die hoogs-tegniese benadering wat o.i. in 'n „inleiding” minder geslaagd voorkom.

Dr. P. B. van der Walt gee die inleiding oor *Kerkreg* (p. 111—

121) en sê kerkreg het te doen met die kerklike samelewing (p. 111), wat mens kan bevraagteken. Is die instituut dan die samelewing? Hy volg grootliks die bekende gereformeerde ensiklopediese opvatting, maar ons kan nie saamstem wanneer hy die Gereformeerde Kerkregering tipeer as die stelsel „wat 'n hoë mate van gesag aan die Sinode toeken by name in sake van algemene belang... ens.” (p. 113). Afgesien daarvan dat die sinode as permanente struktuur en apriorie van die kollegialisme hier duidelik dualisties langs die kerkraad fungeer (soos ook in die jongere Nederlandse kerkreg) — is dit verkeerd om die kerkreg vanuit die vergadering te tipeer, wanneer die Skrif daarvoor op die episkopos en presbiter wys.

In hfst. 7 behandel dr. A. König die *Dogmatiek* (p. 122—142) en hy betrek die Etiek onder Dogmatiek. Soms veronderstel hy baie bekend by sy lesers (vgl. p. 128) en is bietjie bo die peil van 'n inleiding. Nogtans sê hy baie raak dinge oor die Skrif, die liewe-Jesus-teologie en die God-is-dood standpunte. Wanneer mens klaar gelees het met die doel om te hoor wat Dogmatiek is, sluit die hoofstuk met 'n opmerking dat nou eers begin kan word met die vraag wat Dogmatiek is. In daardie opsig het dit my onbevredig gelaat.

Prof. F. J. van Zyl behandel „*Godsdienswetenskap en Godsdiensfilosofie*” (p. 143—155). Hierdie hoofstuk kan as 'n modelhoofstuk aangemerkt word. Dit is duidelik, op die punt af, met 'n minimum ontkenninge, stoffeerdery en wydlopigheid. Die hoofstuk lei werklik in die vakke in en oriënteer die nuweling. Hoewel ons oor die wenslikheid van die vakke mag verskil, is die inleiding geslaagd.

Prof. D. J. Bosch behandel „*Sendingwetenskap*” (p. 157—179). Hoewel hier ook baie behartigingswaardige dinge gesê word, het die vraag opgekom of die nuweling wat die teologie moet leer ken, werklik so veel moet hê van die diskussie van standpunte.

Samevattend, kan mens opmerk dat 'n werk op die terrein van die teologiese ensiklopedie 'n mens se belangstelling prikkel. Die poging om aan hierdie behoefte te voldoen, moet 'n mens waardeer. Dit is egter jammer dat daar nie groter eenheid in opset en aanpak was nie. 'n Hoofstuk oor die eenheid van teologie en die beginsels by onderskeiding sonder om te skei kon ingelei het en daarna 'n bespreking vir mense wat met die teologie wou kennis maak soos prof. F. J. van Zyl gedoen het — sonder imponerende literatuurlyste waaraan die novice niks het nie — sou ons 'n uitroep teken agter die boekie laat plaas het. Nou kan dit egter nie. Dit is egter lesenswaardig en kan gepas in elke biblioteek opgeneem word. B.S.

Red. D. J. Bosch: *Ampsbediening in Afrika*, Lux Mundi reeks nr. 5, 1973, N.G. Kerk-boekhandel, Posbus 245, Pretoria, s.b., 148 blss., R2,85.

Hierdie publikasie bevat die referate wat op die vyfde jaarkongres van die S.A. Werkgemeenskap vir Sendingwetenskap in 1972 gelewer is. Die tiental artikels spits hoofsaaklik op die predikantsamp toe, veral soos dit in die jong kerke voorkom en bied baie min oor ander ampte. In die voorwoord (p. 7) word gesuggereer dat nie so „rigo-

risties" tussen die „besondere ampte" onderskei moet word nie — 'n uitspraak wat moeilik te verstaan is, omdat dit 'n vraag is wat uit die Skrif uitgemaak moet word en nie volgens ons „benadering" nie. Dit is tog juis die „opdragte" van die Here wat die besondere ampte daarstel, terwyl baie opdragte aan besondere ampte ook aan die Christene gegee word, omdat die besondere ampte juis bediening is met die oog op die Christene.

Die idee dat die „besondere" ampte darem besonders is, loer dikwels om die deur en dui op die ingewortelde klerikalisme selfs by reformatoriese kerke.

Besinning oor die amp van gelowige word gevolglik ook in die voorwoord as 'n behoefte aan gevoel. Mens kry die indruk dat nie net by die Zambiese Kerke nie (p. 124) maar dwarsdeur die werkge-meenskap en in ons Westerse gedagte-wêreld eintlik net die idee van gelowige en amp van predikant figureer.

Prof. J. du Preez het die „*Ampte volgens die Skrif*" bespreek en die bekende Gereformeerde opvatting gegee wat 'n mens wil beaam. Tog begin jy krities vra of die „gangbare" altyd deugdelik is, bv. wanneer 'n „kerklike amp, die ampstruktuur, sowel as ampbediening" as uitgangspunt geneem word; die Skrif „maatstaf" (p. 8) word; „amp" 'n plek naas die „kerk" verkry (p. 9) ens. Die gevaar dat die ampsleer sterk burokratiese aandoen, is nie uitgesluit nie. Die artikel kan net nie uit die dilemma tussen *amp* en *diens* uitkom nie (vgl. bv. p. 12 e.v., 35 ens.) en hy verkies daarom selfs die nie-Bybelse „amp" bo die Bybelse woord „diens" omdat dit die „gesagvolle diens" uitdruk (p. 13). Die amp kom as 'n faset van 'n drie-voudige pêrel selfs naas die Gees en Woord te staan (p. 15), m.i. aanduidinge in hoever die klerikalisme en institusioneelisme die Bybelse diakonia tot 'n moderne ampsidee gestruktureer het. Die be-toog het dit vir my nooit duidelik gemaak hoe Christus met en d.m.v. die diakonia regeer nie, miskien juis omdat die idee van „amp" en „ampsdraer" tot 'n verselfstandiging naas Christus aanleiding gee — al probeer hy aan die „gesag" van Christus bind (p. 15). Dit kom wesenlik met die Roomse opvatting ooreen. Die leemte is dat die referent die bediening van Christus in Woord en Gees d.m.v. die „amp" nie verduidelik het nie. Gevolglik fundeer hy die amp ook institusioneel in die kerk, as „amp van die kerk" met 'n taamlik absolute kerk-begrip (vgl. pp. 30, 34, 35). Wat word bedoel met: „Die sendeling se amp is gelyk aan dié van leraar, maar sy diens is anders" (p. 35)? Amp en diens staan hier in konflik. Die amp en charisma word ook nie duidelik nie, omdat die charismatiese naas en los van die instituut (p. 38 e.v.) en selfs naas die gemeente gestel word (p. 39).

K. Nürnberger het gehandel oor „*The Ordained Ministry seen in the light of patterns of Authority in Africa*" (p. 42—62) en gewys op die ingewikkelde probleem van „*The Vanishing Clergyman*" (vgl. T. D. Verry, a.w., Braamfontein, 1971). Hy toon aan die idee van gesag tradisioneel saamhang met die beelde van vader, hoofman, godsman en die vroeëre sendeling, beelde wat vandag gesloop is. Hy

soek die oplossing in die ordening van „leke” (p. 59) en deeglik opgeleide teoloë (p. 60).

S. P. Buti het gepraat oor „*Die Verhouding tussen die ampte van sendeling en leraar in die Kerk in Afrika*” (p. 63—68) en gewys dat vandag spanning na albei kante voorkom. Almal benader die sendeling vanuit die hoek van die sendende kerk en vergeet dat die jong kerk nie die objek vir sending is nie, maar self subjek daarvan. Die blanke sendeling kan dus slegs ’n taak in die jong kerk hê indien hy daartoe beroep is deur die kerk self. Hy vind dit jammer dat die sendeling gewoonlik ’n witman en die leraar ’n swart man is — en gevolglik iets van ’n meerderwaardigheidshouding waarmee die sendeling die jong kerk benader. Hy pleit vir Bybelse leiding i.p.v. leiers, „for saints and servants” (p. 67) en om weg te kom van die behepthed met ons kerk.

J. L. Strijdom handel oor „*Die plek en rol van die sendeling vandag*” (p. 69—81) en wys op die gebreke by sendelinge met hulle gebrekkige volkekundige kennis, die ongelukkige afstand tussen sendelinge en die gemeentes en wys op die institusionele struikelblokke (wat aan kollegialisme gewyt kan word, vgl. p. 78).

Ds. L. J. Swanepoel behandel die „*Amp van die Evangelis*” (p. 82—88) in ’n verhandeling wat nie duidelik is nie en hy bepleit opleiding deur die „team-ministry”. Vir hom is opleiding (i.p.v. roeping) eintlik maar die kwalifikasie vir toelating tot die amp (p. 85, 87) hoewel hy ook weer wil waarsku vir ’n te kerksentriese benadering (p. 86).

Dr. Elfie Strassberger het gepraat oor „*The Role of Women in the Life of the Church*” (p. 89—103) en eintlik nooit by die onderwerp uitgekom nie, omdat sy slegs stilgestaan het by die vraag waarom vroue nie tot predikant toegelaat word nie — ’n illustrasie van in hoeverre predikantwees as die rol in die kerk gesien word — of in hoeverre die eintlike rol verbygesien word. Haar behandeling van die ampsprobleem vir die vrou is fenomenologies en horisontaal en pragmatisties beredeneer. Die prinsipes kom nie ter sprake nie.

Tweedens het die werkgemeenskap besondere aandag gegee aan die idee van „tentmaker-predikante”. Dr. J. A. van Rooy het gepraat oor „*Tentmakerpredikante in die kerke onder die Bantoe*” (p. 104—119). Hy stel die probleem dat goed opgeleide predikante se salarisse baie hoër is as die inkomstepeil van die gemeentelide en sodoende bly die kerke afhanklik van „blanke geld” (105). Die kerk was vroeër „a spiritual operation, today it is a financial operation” (106). Hy wys op Webster wat beweer dat ’n dominee met ’n vorstelike traktement moeilik in die dienskneggestalte van sy amp pas; groot gemeentes behou moet word om die dominee te dra sodat hy eintlik maar net ’n administrateur in die kerk word en selfs ’n hindernis vir die evangelie mag wees. ’n Kontrakbepaalde traktement is geen beginsel nie. Op die voetspoor van R. Allen se „*Ministry of the Spirit*” bepleit hy predikante wat self in hulle onderhoud voorsien en tog die gemeente dien. Hy wys op die baie voordele aan so ’n benadering verbonde (p. 112—116).

T. D. Verryn (p. 120—122) het met die ervaring van die Anglikaanse Kerk (onder blankes) die sukses van die benadering aangetoon. Die Anglikaanse Kerk het begaafde Christene, wat ouer as 40 jaar is en geroepe voel, aansien geniet en begaafd is na 'n jaar opleiding en twee jaar diens, die volle verantwoordelikheid in gemeentes gegee.

J. M. Lensink het „*Die Ampsbediening in die Reformed Church in Zambië*” (p. 123—133) geteken en gewys hoe die komprehensiewe dienste van die N.G. Kerk totaal verval het, maar die kerk het in Zambië gegroei, veral a.g.v. die dinamiese optrede van die ouderlingkorps (p. 132), waarin die presbiteriale kerkinrigting hom bewys.

H. J. Becken het gepraat oor „*The African Independent Churches Understanding of the Ministry*” (p. 134—144). As die hoof by Mapumulo wys hy dat die indepentistiese kerke pas by die Bantoetradisie en hulle eie besondere begrip van die bediening vertolk.

Andermaal dus 'n lesenswaardige werk waarin lewende teologie beskryf is — en juis daarom tot denke en kritiek — selfs op eie praktyke en opvattinge — prikkel. Dit is jammer dat *Lux Mundi* hiermee tot 'n einde kom en die publikasies verder in *Missionalia*, 'n tydskrif van die S.A. Werkgemeenskap vir Sendingwetenskap, opgeneem sal word. Mens wil die rekdakteur, prof. D. J. Bosch, geluk wens en bedank vir die werk wat hy gedoen het om die teologiese besinning so gereeld te publiseer.

B.S.

BOEKE ONTVANG VIR RESENSIE

Van Pro Rege-Pers, Posbus 343, Potchefstroom:

C. F. Gronum: *Boere en jagters in ou Marico*, R2,75.

Ds. P. J. de Bruyn: *'n Lamp vir my voet*, R2,75.

J. W. Smitt: *Levend lidmaat van de kerk*, R4,10.

J. Kamphuis: *Aanval in de rug?*, R1,75.

Blok en Douma: *Autarkie of bystandswet*, R3,05.

F. Folkerts: *Het fundament*, R1,15.

M. K. Drost e.a.: *De Weg*, R1,20.

Knepper en Kamphuis: *Gespreks- en vergadertechniek*, R5,00.

Van N.G. Kerk-boekhandel, Posbus 245, Pretoria:

J. A. Heyns, W. D. Jonker: *Op weg met die teologie*, h.b., R7,50.